# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**28 Januarie 2024**

# Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as ’n biddende gemeente wat

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Stilte**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 33-1:1,2 en Lied 475:1,2
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE:** Exodus 20:1-17




**Sing:** Psalm 38-1:1
**Gebed**
**Skriflesing:** Handelinge 4:32-5:11
**Fokus:** Handelinge 5:1-11
**Sing:** Psalm 31-1:15,17
**Preek:**



**Tema:**
*Sonde in die kerk.*

**Sing:** Psalm 139-3:1,5
**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: GKSA Sustentasiefonds.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 2
4 Februarie: Wyk 3
11 Februarie: Wyk 4



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-11 se katkisasie is na die erediens.

**BYBELSTUDIE :**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Ons gaan voort vandag met die reeks oor die boek Handelinge. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel.
Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/puz-ttuf-ujb

**EXPANDO WEBINARE OOR GEBED:**
Expando bied elke Donderdag om 19:00 ’n webinaar aan oor gebed. Die webinare duur ongeveer ’n uur (19:00 – 20:00) en word deur Gereformeerde predikante aangebied. Die eerste webinaar was Donderdag 24 Januarie. ’n Paar van ons lidmate het Donderdag ingeskakel. Ons wil al die lidmate uitnooi en aanmoedig om in te skakel, veral omdat dit baie mooi aansluit by ons Vlamvat Proses se fokus op gebed. Stuur ’n epos na gkexpando@gmail.com waarin jy versoek om die seminaar elektronies by te woon.

**TEOLOGIESE OPLEIDING:**
In Januarie 2023 het die kerke wat in Algemene Sinode in Potchefstroom vergader het, beduidende besluite geneem wat ’n sekere koers inslaan rakende teologiese opleiding. Hierdie besluite draai om die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA). In Engels: Reformed Theological Academy (RTA). In ’n reeks artikels wil die kuratore, die direksie van die GTA met insette van die Rektoraat van die Teologiese Skool inligting aan soveel moontlik lidmate van die kerke in die GKSA deurgee. 'n Reeks van 7 artikels is aan ons voorsien i.v.m. die Teologiese opleiding binne die GKSA. Ons gaan van volgende Sondag af weekliks een van die artikels in Die Ligdraer plaas. Die doel is om die kerke op hoogte te bring van wat tans in proses is rakende die teologiese opleiding. Navrae kan gerig word aan ds. Carel Jansen (carel630@gmail.com of carel.jansen@rta.org.za). Die doel is om die navrae, soos die Here dit toelaat, binne 48 uur te beantwoord.

**GEMEENTEKAMP – GK ODENDAALSRUS:**
Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus reël ’n gemeentekamp vir die naweek van 1-3 Maart 2024 te Aldam Estate. Hulle nooi ons gemeente ook uit om dit by te woon. Volledige inligting oor die pryse van akkommodasie is op Maandag 22 Januarie op ons gemeente se whatsapp-groep geplaas. Vir verdere navrae en besprekings skakel vir oudl. Mias Engelbrecht (082 708 9428). Hy is ons gemeente se skakelpersoon vir die kamp.

**ERRATA: ADMIN SELFOON:**
Ons Admin Beampte, br. Casper du Plessis, se selfoonnommer is verkeerd op ons gemeente se Kalender. Die regte nommer is: 060 366 0166.



## Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 3 Februarie 2024

| | | |
|---|---|---|
| 31 Januarie | Anri Coetzee | 061 912 2008 |
| 2 Februarie | Kayla Kotze | 079 536 9515 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**
- Sr. Madelein Coetzee was Vrydag in die hospitaal om haar die yster in haar bloed aan te vul. Ons bid haar beterskap toe.
- Ons het verneem dat sr. Petrushca van Zyl (082 058 8005) se ma ’n heupvervanging gehad het. Ons vra voorbidding vir haar.
- Ons vra ook voorbidding vir ander lidmate wat siek is of in die hospitaal is of ander beproewings beleef, waarvan ons nie weet nie.

# Handelinge 5:1-6

### *Ananias en Saffira*

***1 'n Man met die naam Ananias het saam met sy vrou Saffira 'n stuk***
***grond verkoop, 2 maar hy het, met sy vrou se medewete, van die geld vir***
***homself teruggehou, en net 'n gedeelte gebring en aan die voete van die***
***apostels neergelê. 3 Petrus het toe gesê: “Ananias, waarom het Satan jou***
***hart vervul, sodat jy vir die Heilige Gees gelieg en vir jouself van die geld***
***vir die grond teruggehou het? 4 Toe dit onverkoop bly lê het, was dit nie***
***joune nie? En toe dit verkoop is, was die geld nie tot jou beskikking nie?***
***Waarom het jy hierdie daad in jou hart bedink? Jy het nie vir mense***
***gelieg nie, maar vir God.” 5 By die aanhoor van hierdie woorde, het***
***Ananias inmekaargesak en gesterf, en groot vrees het almal oorval wat***
***hiervan gehoor het. 6 Die jong manne het toe nader gekom, hom in linne***
***toegedraai, na buite gedra en begrawe.***

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**



**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**

**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis:
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: Vrydag 08:00 - 13:00 (060 366 0166) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za



**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**

# Net 'n Gedagte

***Moenie roem dat jy geen kwaad gedoen het nie.***
***Watter goed het jy gedoen"***
***'n Steeks perd is nie meer werd as een wat skop nie.***
***Hy beteken minder – een wat skop, kan jy terug skop,***
***maar jy kan nie terug steeks wees nie.***
*~ C.J. Langenhoven ~*

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA